Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# HOOGTEPUNTE
# uit die
# REKTOR SE BESTUURSVERSLAG
# aan die SENAAT

Vrydag 25 November 2022

Prof Wim de Villiers,
Rektor en Visekanselier

# Inhoudsopgawe


BESTUURSOPSOMMING ........ 3
HOOGTEPUNTE UIT DIE REKTOR SE BESTUURSVERSLAG ........ 4
1. Khampepe-kommissie ........ 5
2. Institusionele oudit ........ 5
3. Nuwe kortkursus oor restitusie ........ 5
4. Aanbevelings van die personeelopname ........ 5
5. Gehaltebeoordeling van die Biblioteek- en Inligtingsdiens ........ 5
6. Navorsingsleerstoele ........ 6
7. Toekennings vir navorsingsuitnemendheid ........ 6
8. Inligtingstekens op kampus ........ 6
9. Opname oor voorgraadse werwing ........ 7
10. Aansoeke vir 2023 ........ 8
11. Beursbystandsprogramme ........ 10
12. US in die nuus (3 Augustus tot 19 Oktober 2022) ........ 13
13. SUNFin en SUNStudent ........ 14
14. Bestuur van infrastruktuurprojekte ........ 14
15. Inligtingstegnologie ........ 15
16. Maties Sport ........ 15
17. Innovus ........ 15
SLOT ........ 16
MEDEWERKERS ........ 17

## BESTUURSOPSOMMING

Die laaste Senaatsvergadering van die jaar vind plaas wanneer die eindeksamens van die akademiese jaar 2022 einde se kant toe staan. Dít beteken ons het nóg ’n jaar suksesvol voltooi – dié keer ’n jaar waartydens die Universiteit Stellenbosch (US) bly was om na kontakonderrig te kon terugkeer en alle persoonlike fasette van ’n residensiële universiteit te hervat. Hoewel aanlyn onderrig en leer vanjaar steeds ’n aansienlike deel van ons akademiese aanbod uitgemaak het, was ook dít nie meer in die “noodgedaante” van die Covid-jare nie, maar vul dit nou eerder ons studente se leerervaring aan.

Met hierdie verskuiwing is ons dan ook gereed vir die volgende stap om die bestek van leer en onderrig by ons instelling uit te brei. Soos ek voorheen met verwysing na die US se spelwisselaars vir die toekoms verduidelik het, is aanlyn en virtuele leer kernpilare van akademiese vernuwing. Dit sal ons in staat stel om nuut oor ons akademiese aanbod te dink sodat ons nie net nuwe en nie-tradisionele markte kan bereik nie, maar ook innoverende platforms, modelle en vennootskappe vir die aanbieding van ons gesogte akademiese programme kan fasiliteer.

In dié verband strook ons denke met dié van ons eweknieë wêreldwyd. Ek het onlangs teruggekeer van Times Higher Education se internasionale akademiese beraad in New York, waar van die invloedrykste leiers en navorsers ter wêreld krities bespreek het hoe ons, as hoëronderwysinstellings, tot groter studentesukses, navorsingsuitnemendheid en relevansie kan bydra. Deelnemers het ook beraadslaag oor hoe die hoëronderwyssektor, as ’n belangrike rolspeler in die wêreld ná die pandemie, in die samelewing se behoeftes kan help voorsien.

Die gesprekke by die beraad het as stawing gedien van ons Uitvoerende Beplanningsforum se besluit vroeër vanjaar om ons spelwisselaars deur ’n toekomsgerigte metaprojek te implementeer sodat die US kan voortgaan om op ’n toenemend volhoubare manier in die behoeftes van ons studente, ons gemeenskappe én die algemene samelewing te voorsien. Daarbenewens het die samesprekings by die beraad my net verder daarvan oortuig dat ons op koers is om ons visie te verwesenlik om teen 2040 die voorste navorsingsintensiewe universiteit op die vasteland te word.

Die Times Higher Education-wêrelduniversiteitsranglys (THE WUR) vir 2023, wat op 12 Oktober uitgereik is, het dít bloot verder onderskryf. Volgens hierdie jongste uitgawe van die ranglys is die US steeds onder die beste drie universiteite in Suid-Afrika (ons deel die tweede plek met Wits) en onder die beste 300 in die wêreld.

Die Universiteit het sy prestasie in die sitate-, navorsings- én onderrigaanwysers verbeter. Die grootste verbetering was in ons sitate-telling, wat met 4,4% van 78,7 tot 82,2 geklim het. Dít beloof goed vir ons strewe om ’n gerekende internasionale kennisskepper te wees. Volgens die THE WUR “help wys sitate hoeveel elke universiteit tot die somtotaal van menslike kennis bydra. Dit wys wie se navorsing uitstaan, deur ander navorsers opgemerk en uitgebrei word en, selfs belangriker, onder die wêreldwye vakkundige gemeenskap versprei word om die grense van ons begrip te versit, ongeag dissipline”. Ons navorsings- en onderrigtellings het onderskeidelik ook van 35,7 tot 36,9 en van 30,3 tot 30,5 verhoog.

Die 1 800 universiteite wat aan die ranglys deelneem, word aan die hand van vyf aanwysers beoordeel, en die tabel hieronder toon die US se prestasie in ál vyf oor die afgelope drie jaar. Wat óók duidelik uit die tabel blyk, is die impak van Covid-19 op internasionale werksaamhede en op die sakesektor en bedryf.

| Aanwysers | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|
| Sitate | 77,90 | 78,7 | 82,2 |
| Bedryfsinkomste | 73,10 | 79,5 | 71 |
| Internasionale vooruitsigte | 54,10 | 54,3 | 54 |
| Navorsing | 35,70 | 35,7 | 36,9 |
| Onderrig | 28,70 | 30,3 | 30,5 |
| **Algehele telling** | **48,6** | **49,5** | **50,7** |

### Vordering van prosesse met betrekking tot kampusvoorvalle

Ondanks bogenoemde institusionele en strategiese vordering sal vanjaar ook onthou word vir die betreurenswaardige voorvalle in van ons koshuise in Mei. Ek verwys natuurlik na die urineringsvoorval in Huis Marais en die verkragtingsvoorval in Majuba, wat albei die US-gemeenskap met skok, afgryse en woede vervul het.

Dit is nou reeds bekend dat die beskuldigde in die Huis Marais-voorval ná ’n verhoor van die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) uit die US geskors is. Hy het teen die SDK-besluit geappelleer. Die appèlverhoor het op 18 en 20 Oktober plaasgevind, en by die skryf van hierdie verslag was die Dissiplinêre Appèlkomitee (DAK) se bevindinge nog nie bekend nie.

Wat die verkragtingsaak betref, het die SDK ooreenkomstig ons Dissiplinêre Kode vir Studente ’n ondersoek en verhoor onderneem en die beskuldigde skuldig bevind. Hy is uit die Universiteit geskors, maar het ook teen die SDK se besluit geappelleer. Die appèlproses is tans aan die gang en sal hopelik voltooi wees voor die Universiteit die akademiese jaar 2022 amptelik afsluit.

### Verslag van die Khampepe-kommissie

Soos ek voorheen aangedui het, het ek afgetrede regter Sisi Khampepe ná die urineringsvoorval by Huis Marais aangestel as hoof van ’n kommissie om ’n onafhanklike ondersoek na bewerings van rassisme by die US te onderneem. Die kommissie het op 13 Junie met hulle werk begin, en die US het die verslag in Oktober ontvang. Regter Khampepe het aanbevelings gedoen om die US sy kultuur te help verbeter waar dit nodig is, met spesifieke verwysing na rassisme, sodat die menswaardigheid en eiewaarde van alle studente en personeel beskerm en bevorder kan word.

### SAMRK-verslag oor die sogenaamde verbod op Afrikaans in sekere koshuise gedurende die verwelkomingstydperk 2021

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) het die Universiteit van ’n vertroulike konsepverslag oor hierdie aangeleentheid voorsien. Hulle het ons gevra om enige moontlike feitefoute en strydighede reg te stel sodat hulle die verslag vir verspreiding kan afhandel. Ons stel tans ons antwoord vir hulle verdere oorweging op.

### Volstoom voort met akademiese jaar 2023

Studieaansoeke van nuwelingeerstejaars het vir die meeste van ons akademiese programme aansienlik toegeneem. Sodra die matriekuitslae van 2022 op 19 Januarie 2023 uitgereik word, sal ons nuwe studente-inligtingstelsel, SUNStudent, die US in staat stel om flinker en soepeler te beweeg om finale programaanbiedinge aan toppresteerders te maak. Alles dui daarop dat die US goed op pad is om sy inskrywingsmikpunte vir 2023, wat in die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se inskrywingsbestuursriglyne vasgestel is, te bereik.

Soos gewoonlik ontvang lede van die Rektoraat weer geleentheid om jaarverslae aan die Senaat voor te lê. Hierdie keer is prof Deresh Ramjugernath, Viserektor: Leer en Onderrig, aan die beurt met ’n verslag oor werksaamhede in hul verantwoordelikheidsentrums die afgelope jaar.

Hierdie verslag handel oor die tydperk 19 Augustus tot 10 November 2022, tensy daar anders aangedui word. Ek en my medebestuurslede verwelkom die geleentheid om met die Senaat in gesprek te tree.

## HOOGTEPUNTE UIT DIE REKTOR SE BESTUURSVERSLAG

Die volgende paragrawe bevat hoogtepunte uit my bestuursverslag. Blaai gerus na die bylaag vir die verskillende verantwoordelikheidsentrums se vollediger bydraes.

## 1. Khampepe-kommissie

Ek het die verslag van die onafhanklike Khampepe-kommissie van ondersoek na beweerde rassisme by die US ontvang. Die verslag van die Khampepe-kommissie, met die bevindinge en aanbevelings wat in die verslag vervat is, is 'n draaipunt vir die US. Die US het homself kwesbaar gemaak en aan moontlike kritiek blootgestel met die aanstelling van die kommissie en die gepaardgaande ondersoek. Met die oog op die toekoms beskou ons egter hierdie kommissie as 'n belangrike belegging in die welstand van ons Universiteit.

Ons bestudeer tans die verslag en wy al ons aandag aan die bevindings en aanbevelings. Dit is 'n topprioriteit vir die Universiteit.

Lees die volledige verslag hier.

## 2. Institusionele oudit

Die US het in November besoek ontvang van die Raad op Hoër Onderwys (RHO) se gehaltekomitee. Dit volg op die selfevalueringsverslag oor ons gehalteversekeringspraktyke wat die US vroeër vanjaar by die RHO ingedien het. Die uitkomste sal mettertyd gekommunikeer word.

## 3. Nuwe kortkursus oor restitusie

Die Transformasiekantoor en die Sentrum vir die Studie van die Nadraai van Geweld en die Strewe na Herstel (AVReQ) werk saam aan ’n kortkursus om die US se restitusiestelling te verwesenlik. Die doel van die kursus is om deelnemers by te staan om die restitusiestelling te internaliseer en volhoubaar te implementeer. Negentien lede van die US-gemeenskap (drie studente en 16 personeellede) het op die versoek vir deelname gereageer en hulle tot ses gespreksessies verbind om die kursus gesamentlik te skep en te ontwikkel. Sessies tot dusver het gehandel oor restitusie as ‘diepwaterterrein’ en die belang van behoorlike voorbereiding, die behoefte daaraan om opreg en spesifiek te wees in die US se erkenning, en die herbedinking van die Eeufeesuitstalling in die US Museum.

## 4. Aanbevelings van die personeelopname

Die US se opname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk van 2021 het die volgende as gebiede vir verbetering uitgelig:

- Die welstandsontwikkeling van personeel
- Die transformasie van die instelling
- Erkenning en waardering vir alle personeel
- Bevorderingsgeleenthede vir personeel
- Gelyke behandeling van personeel (veral vroue, en personeel uit die bruin, swart, Indiër- en Asiërbevolkingsgroepe), wat die hantering van boeliery in die werkplek insluit

Alle Universiteitsomgewings is volledig van hierdie bevindinge in kennis gestel, en is versoek om – elk in sy spesifieke konteks – intervensies vir verbetering van stapel te stuur. Omgewings sal in Februarie 2023 aan die komitee in beheer van die opname oor personeelkultuur en -klimaat verslag doen oor die intervensies wat hulle aangevoor het, en moet in Oktober 2023 ook vorderingsverslae indien. Die beheerkomitee sal op sy beurt die Institusionele Komitee oor Personeelgesondheid en -welstand en die Rektoraat van terugvoer voorsien.

Die volgende opname vind in November 2023 plaas.

## 5. Gehaltebeoordeling van die Biblioteek- en Inligtingsdiens

Ooreenkomstig die Universiteit se gehalteversekeringsbeleid en -siklus het die Biblioteek- en Inligtingsdiens onlangs ’n gehaltebeoordeling ondergaan. Om vir die beoordeling voor te berei, het die Biblioteek ’n selfevalueringsverslag opgestel, wat prof Sibusiso Moyo, ons Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie (NINS), in Augustus goedgekeur het. Dít is gevolg deur ’n kontakbesoek deur ’n ewekniebeoordelingspaneel van 12 tot 15 September. Die paneellede was dr Reggie Raju (direkteur van Navorsing en Leer vir die biblioteke van die Universiteit van Kaapstad),

dr Lorraine Haricombe (viserektor en direkteur van biblioteke by die Universiteit van Texas in Austin, Verenigde State) en paneelvoorsitter me Kate Robinson (universiteitsbibliotekaris by die Universiteit van Bath, Verenigde Koninkryk).

Die paneel het onderhoude gevoer met verskeie belanghebbendes, waaronder studente en akademiese, biblioteek- en ander professionele steundienstepersoneel. Hulle het ook drie van ons kampusbiblioteke – die US Biblioteek, die biblioteek van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en die Teologiebiblioteek – besoek. Belanghebbendes is na ’n mondelinge terugvoersessie genooi waar die paneellede hulle voorlopige bevindinge bekend gemaak het. By die skryf van hierdie bestuursverslag het die Biblioteek nog op die ewekniebeoordelaars se finale skriftelike verslag gewag.

## 6. Navorsingsleerstoele

Navorsingsleerstoele lewer ’n aansienlike bydrae tot die US se navorsingsuitsette, -impak en -inkomste as ’n florerende navorsingsintensiewe instelling. Ons het tans 45 leerstoele – 23 as deel van die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoelinisiatief (SARChI) van die Departement van Wetenskap en Innovasie (DWI) en die Nasionale Navorsingstigting (NRS), en 22 wat deur skenkingsfondse of die bedryf gefinansier word.

Die geskeduleerde beëindiging van ’n aantal SARChI-leerstoeltoekennings het egter die afgelope tyd ’n daling in inkomste uit dié bron tot gevolg gehad (van R94 miljoen in 2020 tot R71 miljoen in 2022), en verdere toekennings sal in die volgende paar jaar ten einde loop. Daarom het die Rektoraat aan die begin van Oktober magtiging verleen dat die omgewing van die Viserektor: NINS met ’n strategiese beoordeling- en beplanningsoefening begin om enige gepaardgaande negatiewe impak op die US se navorsingsukses te bepaal en moontlike teëvoeters daarvoor voor te stel.

## 7. Toekennings vir navorsingsuitnemendheid



Die toekennings vir navorsingsuitnemendheid is op 29 Augustus 2022 by die US Museum aangebied. Die pryse het gegaan aan US-navorsers wat die grootste bydrae gelewer het tot geakkrediteerde publikasies (op grond van geouditeerde publikasiesyfers van 2020 wat in 2021 by die DHOO ingedien is) en doktorate (in die gradesiklus Desember 2021/April 2022). Vir verdere inligting, raadpleeg https://www.sun.ac.za/afrikaans/Lists/news/DispForm.aspx?ID=9345.

## 8. Inligtingstekens op kampus

Inligtingstekens is ’n belangrike komponent van die US se visuele identiteit, want die logo, tipografie en ander visuele elemente help skep ’n plekbesef. Boonop bied dit ’n manier om die Universiteit van die dorp en ander omliggende areas te onderskei en bepaalde geboue, ruimtes en omgewings duidelik te identifiseer.

Met die oorskakeling na die nuwe handelsmerk is daar aanvanklik aangeneem dat die Universiteit bloot sy nuwe merk op alle bestaande tekens sou kon aanbring. ’n Oudit het egter aan die lig gebring dat heelwat van die tekens oor die jare so erg verweer het dat dit hetsy vervang of opgeknap moes word. Dít het ons die geleentheid gebied om ’n gekoördineerde, ultramoderne bestepraktykstelsel in werking te stel om alle tekens op ál ons kampusse eens en vir altyd eenvormig te maak.

Nadat die Rektoraat in September beginselgoedkeuring verleen het, het die US Taalsentrum begin om ’n databasis vir die vertaling van institusionele inhoud (soos gebou-, fakulteits-, departements- en afdelingsname) in Engels, Afrikaans en Xhosa te skep. Dít sal die vertaalproses formaliseer en konsekwente toepassing verseker.

Weens die omvang van die projek sal dit in fases in werking gestel word. Sodoende sal die span die stelsel kan aanpas en verbeter namate lesse geleer word en nuwe inligting beskikbaar kom.


## 9. Opname oor voorgraadse werwing


Om toegang, inklusiwiteit en billikheid te bevorder, is die diversiteit en uitnemendheid van die US se studentekorps kernoorwegings wanneer ons studente werf. Nogtans vereis diversifisering ook veel méér as skakeling- en werwingsaktiwiteite.

Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur onderneem ’n jaarlikse opname oor die redes waarom voorgraadse aansoekers wat ’n finale programaanbod van die US ontvang het, uiteindelik nié registreer nie. Die jongste opname met betrekking tot inname 2022 onderstreep die groot impak van onvoldoende finansiële bystand, afstand van die huis en ’n tekort aan bekostigbare huisvesting op aansoekers se finale besluit.

Terselfdertyd het diegene wat wél by die US ingeskryf het ons akademiese reputasie, die gehalte van ons studieprogramme en ons stabiele, veilige kampusomgewing as die vernaamste trekpleisters geïdentifiseer.

Die US is steeds een van die gewildste studiebestemmings vir die voorgraadse mark. Teen die einde van September 2022 het ons altesaam 73 293 aansoeke met die oog op inname 2023 ontvang – 33% meer as vir inname 2022. Die eerste figuur hieronder toon die getal aansoekers teen die einde van onderskeidelik September 2021 (inname 2022) en September 2022 (inname 2023) volgens bevolkingsgroep. Daarna volg ’n uitbeelding van aansoekers se verspreiding volgens bevolkingsgroep vir inname 2023.






## 10. Aansoeke vir 2023

Ons aansoekers en hulle ouers ervaar steeds die SUNStudent-aansoekproses as gebruikervriendelik en kliëntegerig. Dít blyk ook duidelik uit die toename in sowel voor- as nagraadse aansoekers van jaar tot jaar.

**Voorgraadse aansoeke en aanbiedinge**

Soos hierbo aangedui is, het die US ’n rekordgetal van 73 293 voorgraadse aansoeke vir inname 2023 ontvang (teenoor 55 082 vir inname 2022). Die tendense volgens bevolkingsgroep dui op ’n toename in aansoeke uit alle groepe, met die grootste toename in swart Afrikaan-aansoekers (46,4%) en die kleinste in wit aansoekers (10,2%).

Altesaam 19 084 voorgraadse aansoekers het een of meer aanbiedinge ontvang, en 12 158 (63,7%) het ten minste een daarvan aanvaar (*sien tabel hieronder*). Vergeleke met die 15 069 aanbiedinge en 9 657 aanvaardings verlede jaar kom dít neer op ’n toename van 26% in aanbodaanvaardings.

| Nasionaliteit | Aansoekers | Aanbod/ aanbiedinge ontvang | Aanbod ontvang (%) | Aanbod aanvaar | Aanbod-aanvaardings-koers (%) |
|---|---|---|---|---|---|
| Internasionaal | 3 844 | 1 130 | 29,4% | 766 | 67,8% |
| Suid-Afrikaans | 69 453 | 17 954 | 25,9% | 11 392 | 63,5% |
| **Totaal** | **73 297** | **19 084** | **26,0%** | **12 158** | **63,7%** |

Wat aanbodaanvaardings volgens fakulteit betref (*sien samevatting in tabel hieronder*):


- was die grootste toenames in Opvoedkunde (121,8%) en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (89,3%); en
- het sowel Ingenieurswese as Teologie ook toenames van 50% of meer aangeteken.


| Fakulteit | Inname 2023 | | | | | | | Inname 2022 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aanbod hangende | Aanbod uitgereik | Aanbod aanvaar | Aanbod van die hand gewys | Aanbod verval | Totale aan-biedinge | Aanbod aanvaar (%) | Aanbod aanvaar | Totale aan-biedinge |
| AgriWetenskappe | 1 | 39 | 735 | 286 | 827 | 1 888 | 38,9% | 717 | 1 728 |
| Lettere en Sosiale Wetenskappe | 23 | 84 | 2 157 | 653 | 2 203 | 5 120 | 42,1% | 2 188 | 5 576 |

| Fakulteit | Inname 2023 | | | | | | | Inname 2022 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aanbod hangende | Aanbod uitgereik | Aanbod aanvaar | Aanbod van die hand gewys | Aanbod verval | Totale aan-biedinge | Aanbod aanvaar (%) | Aanbod aanvaar | Totale aan-biedinge |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 636 | 23 | 3 485 | 1 191 | 4 212 | 9 547 | 36,5% | 2 543 | 7 550 |
| Opvoedkunde | 3 | 163 | 1 081 | 250 | 1 145 | 2 642 | 40,9% | 449 | 1 191 |
| Ingenieurswese | 3 | 185 | 1 850 | 535 | 2 145 | 4 718 | 39,2% | 1 204 | 3 452 |
| Regsgeleerdheid | 8 | 1 | 144 | 68 | 229 | 450 | 32,0% | 148 | 459 |
| Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe | 4 | 34 | 482 | 71 | 488 | 1 079 | 44,7% | 367 | 570 |
| Krygskunde | | | | | 1 | 1 | 0,0% | | 38 |
| Natuurwetenskappe | 90 | 4 | 2 101 | 908 | 3 883 | 6 986 | 30,1% | 1 958 | 6 086 |
| Teologie | 1 | | 144 | 41 | 207 | 393 | 36,6% | 96 | 287 |
| **Totaal** | **769** | **533** | **12 179** | **4 003** | **15 340** | **32 824** | **37,1%** | **9 670** | **26 937** |


**Nagraadse aansoeke**

Die getal nagraadse kandidate wat teen die einde van Oktober 2022 aansoeke met die oog op 2023 ingedien het, was 65,5% meer as die vorige jaar (*sien vergelykende syfers in grafiek links onder*). Die sentrale Aansoekkantoor het sowat 72,4% daarvan klaar geëvalueer (*die segmente "Beoordeel" en "Onsuksesvol" in die sirkelgrafiek regs onder*). Die aansoeke wat ontvang is, sluit ook 'n aansienlike getal onvolledige aansoeke in.




Die volgende figuur toon die getal nagraadse aansoeke wat ontvang is volgens fakulteit en kwalifikasietipe.




* Agri = AgriWetenskappe; Lettere = Lettere en Sosiale Wetenskappe; EBW = Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Opv = Opvoedkunde; Ing = Ingenieurswese; Reg = Regsgeleerdheid; FGGW = Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe; Kryg = Krygskunde; Natuurwet = Natuurwetenskappe; Teo = Teologie.

## 11. Beursbystandsprogramme

**Omvattende steun dra by tot beursstudente se sukses**

Ons het sedert 1 September 2022 'n nuwe, toegewyde funksie vir bystand aan skenkergefinansierde studente. Die beursbystandsprogrambestuurder vervul 'n toesig-, bestuurs- en koördineringsrol vir die Dell Young Leaders-program, die Ikusasa Finansiëlehulpprogram vir Studente (ISFAP) en die CEFF–Kanseliersbeursprogram.

Die bestuurder werk sy aan sy met verskeie rolspelers in die studentesukseswaardeketting, waaronder Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge (OAB), die verantwoordelikheidsentrum van die Registrateur, Studentesake, fakulteite en die verskillende programme en stigtings, om seker te maak dat mikpunte bereik word. Die funksionaris doen verslag aan die Registrateur en het ook 'n verslagdoeningslyn na die senior direkteur van OAB.

**Dell Young Leaders**

Die Dell Young Leaders-program is geleë in die verantwoordelikheidsentrum van die Registrateur en werk met alle tersaaklike US-kantore saam om 'n doeltreffende ekosisteem te skep wat studentetoegang, -volharding en -sukses ondersteun. Die program, wat omvattende bystand en 'n aanvullende beurs insluit, word deur die Michael & Susan Dell Foundation gefinansier. Danksy die US se verbintenis om al hoe meer van sy eie beursgeld by te dra sodat meer studente by Dell Young Leaders kan baat vind, kon die program studentesukses aan die US verdubbel.

Die program het ongetwyfeld 'n positiewe invloed op studentesukses. Dít het duidelik geblyk uit 'n aanbieding wat die Michael & Susan Dell Foundation op 2 September aan die Rektor en US-leiers gelewer het. Kernprogramuitkomste is aan die hand van die US se akademiese prestasiedata vir die akademiese jaar 2021 ontleed. Dell Young Leaders-studente se uitkomste is met dié van verwysingsgroepe by die US vergelyk, waaronder begunstigdes van die Nasionale Finansiëlehulpskema

vir Studente (NSFAS) en nie-NSFAS-studente in graadprogramme wat vir Dell Young Leaders-keuring in aanmerking kom.

Die vernaamste uitkomste sluit die volgende in:

- Sedert 2020 spog die program met 'n behoudsyfer van 99% van studente wat koers hou om hulle grade te verwerf. Die kohort van 2020 sal na verwagting hierdie Desember die eerste gegradueerdes oplewer.
- In die akademiese jaar 2021 was die behoudsyfer van aktiewe Dell Young Leaders-studente by die US 99%. Hierdie uitkoms is 11% beter as die behoudsyfer van NSFAS-studente, en 6% beter as nie-NSFAS-studente.
- Dell Young Leaders-studente by die US het in die akademiese jaar 2021 altesaam 93% van alle modules waarvoor hulle ingeskryf was, geslaag. Hierdie uitkoms is 28% beter as dié vir NSFAS-studente, en 14% beter as nie-NSFAS-studente.
- Met betrekking tot prestasiedata volgens fakulteit het Dell Young Leaders-studente in alle US-fakulteite beter as die verwysingsgroepe gevaar wat sowel behoud- as moduleslaagsyfers betref.

Die keuring van 200 studente vir die kohort van 2022 bring die totale getal aktiewe Dell Young Leaders by die US op 448 te staan, wat dit die grootste stigtingsbeheerde program by die Universiteit maak. Die kohort van 2022 sluit studente uit ál agt teikenfakulteite in. Altesaam 477 aansoeke is ontvang. Nadat aansoeke op grond van veerkragtigheid, deursettingsvermoë, akademiese potensiaal en benadeling beoordeel is, is die beste 250 aansoekers vir onderhoude genooi. Onderhoude is van 15 tot 19 Augustus van aangesig tot aangesig gevoer, en die paneel het ook verskeie US-belanghebbendes ingesluit. Die finale 200 aansoekers is in oorleg met die verantwoordelikheidsentrum van die Registrateur aan die hand van gestandaardiseerde keuringskriteria gekies. Die kohort is op 3 September aangekondig en gevier (*sien foto hieronder*).



*Prof Wim de Villiers (Rektor en Visekanselier), dr Ronel Retief (Registrateur) en Anne Havemann-Serfontein (beursbystandsprogrambestuurder) saam met die nuwe kohort Dell Young Leaders.*
*Foto: André Engelbrecht.*

**Ikusasa Finansiëlehulpprogram vir Studente (ISFAP)**

’n Pasgemaakte graduandusprogram vir ISFAP-studente is in 2020 in samewerking met die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling ontwerp. Die kortkursus vul deelnemers se tegniese vakkennis aan om hulle as beroepslui toe te rus en hulle nasionale én internasionale aanstelbaarheid te verhoog.

Ná die sukses van die eerste twee jaar is vanjaar se program ook vir deelnemers van ander beursprogramme oopgestel. Altesaam 39 finalejaar- en voorfinalejaarstudente – 23 ISFAP- en 16 CEFF–Kanseliersbeursstudente – het deelgeneem. Die program is deur US-departemente sowel as eksterne medewerkers aangebied.

In ander ISFAP-nuus is die jaareindgeleentheid vir ISFAP-studente op 8 Oktober by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) aangebied (*sien collage hieronder*). Die meeste studente was persoonlik daar, maar regstreekse stroming was ook beskikbaar vir MBChB-studente wat elders met hulle kliniese rotasies besig was. Studente kon kuier en gesels, en het boonop geluister na praatjies oor hoe om in hulle professionele identiteit te belê en professioneel te kommunikeer.



*Foto’s: André Engelbrecht.*

**CEFF–Kanseliersbeursprogram**

Begunstigdes van die CEFF–Kanseliersbeursprogram het op 15 Oktober ook húlle jaareindgeleentheid by The Silo & Shed op Stellenbosch bygewoon (*sien collage hieronder*). Die eerste sessie op die program is deur dr Riaan Els, die uitvoerende hoof van die Carl & Emily Fuchs-stigting (CEFF), gefasiliteer en het die toon aangegee vir sinvolle oordenking en skakeling. Daarna het hoofspreker regter Edwin Cameron, die US se Kanselier, die gehoor geïnspireer met sy praatjie getiteld “Om linkshandig te wees in ’n (grotendeels) regshandige samelewing – ’n persoonlike reis”. Lamese Chetty, ’n opvoedkundige sielkundige en akademiese raadgewer in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, het die verrigtinge met ’n waardevolle praktiese sessie oor eksamenvoorbereiding afgesluit.



*Foto's: André Engelbrecht.*

## 12. US in die nuus (3 Augustus tot 19 Oktober 2022)

Die US het in die verslagtydperk weer goed gevaar in die media, hoewel die urineringsvoorval in Helshoogte (September) moontlik die syfers beïnvloed het.

Vergeleke met ander universiteite het ons in September die meeste algemene nuusbrokkies opgelewer, en die tweede meeste die vorige maand. Dít is aldus die datastel van die mediamoniteringsagentskap PEAR.

Ook in die subkategorie "Navorsing en innovasie" het ons die meeste dekking in September en die tweede meeste in Augustus gehad. Dít word toegeskryf aan heelwat hoofstroommediablootstelling vir ons denkleiers, wat die afgelope maande 'n belangrike rol vervul het om die Universiteit as 'n navorsingsleier in die bedryf te posisioneer.

Nes vroeër vanjaar, het die strategiese tema "'n Florerende Universiteit Stellenbosch" in sowel Augustus as September oorheers.

**Denkleierskap:** Ons akademiese personeellede gaan voort om US-navorsing vir eksterne gehore toeganklik te maak deur denkleierskapstukke vir The Conversation Africa te skryf. Altesaam 20 van ons bydraers het in die verslagtydperk 19 artikels die lig laat sien, wat gesamentlik meer as 221 000 keer gelees is.

**Menslike kapitaal:** Volgens PEAR se mediamonitering van individue by die US het 527 mediabrokkies in die oorsigtydperk na ons menslike kapitaal verwys. Dít word as 'n beduidende bydraer tot mediadekking beskou, veral in die subkategorie "Navorsing en innovasie.

Daarbenewens het personeel en studente van die US weer 'n groot getal **meningsartikels, hoofartikels en rubrieke** geskryf (**sien bylaag**). Die Mediakantoor het die pers ook van **kennerslyste**

voorsien om kommentaar te lewer oor Vrouedag (9 Augustus), en ’n hele klomp meningsartikels is vir spesifieke nasionale en internasionale dae gefasiliteer, waaronder Vrouedag, Wêreldgeestesgesondheidsdag (10 Oktober) en Wêreldvoedseldag (16 Oktober).

Blaai gerus na die bylaag vir verdere inligting oor die US in die nuus.

## 13. SUNFin en SUNStudent

Die SUNFin-projek het onlangs twee groot mylpale bereik. Eerstens het die span die ontwikkeling van die vereiste integrasie voltooi. Tweedens het hulle bykomende vereiste funksies geïdentifiseer, gekonfigureer en toegepas, die prosesse gedokumenteer, gepaste rolle en verantwoordelikhede geformuleer, opleidingsvereistes vasgestel, toetsgevalle geformuleer en die verslagdoeningsvereistes bepaal.

Die span sal vir die res van die jaar voortgaan om opleidingsmateriaal saam te stel en die oplossing te toets.

SUNFin-fokusgebiede vir 2023 is:

- om die oplossing klaar te toets;
- om eindgebruikers op te lei;
- om die oplossing teen die ooreengekome aktiveringsdatum van Junie 2023 in werking te stel; en
- om ná aktivering aanvanklike bystand te bied en die stelsel aan die bedryfspan te oorhandig.

SUNStudent het op sy beurt teen die middel van Oktober 2022 klaargemaak met die konfigurasie van oplossings vir stelseltekorte. By die skryf van hierdie verslag was ’n amptelike, vier weke lange toets van hierdie oplossings op die punt om te begin. Die toetsing berus op scenario’s wat eindgebruikers self geïdentifiseer het – sogenaamde gebruikeraanvaardingstoetsing (UAT) – en sou teen die tweede week van November klaar wees.

Werk aan alle integrasievereistes vir stelsels wat by SUNStudent moet aansluit, het terselfdertyd voortgeduur, en dié vereistes sal ook gedurende of kort ná die UAT-tydperk getoets word.

In ander SUNStudent-werksaamhede is opleidingsmateriaal saamgestel vir die eindgebruikeropleiding wat na afloop van die UAT sal begin. Die opleiding sal in fases geskied namate die registrasiemodule vanaf Desember 2022 vir spesifieke entiteite geaktiveer word, en sal voortduur tot en met die einde van ons voorgraadse massaregistrasietydperk voordat klasse in 2023 begin.

Deurlopende veranderingsbestuursaktiwiteite sluit in die bekendstelling van ‘koukusse’ vir elke funksie. Dit bied eindgebruikers ’n platform om vrae te stel, misverstande uit te stryk, uit te vind waar hulle by die proses inpas, te hoor wat hulle kan verwag, ’n voorskou van die nuwe gevoel en voorkoms van die stelsel te kry, en inligting oor na-aktiveringsbystand te ontvang.

Een afwyking van die projekplan is dat die funksie vir finansiële bystand vir eers op die ou stelsel bestuur sal word totdat die SUNStudent-funksie vir finansiële bystand aanstaande jaar behoorlik gekonfigureer, getoets en geïmplementeer is. Dié funksie is besonder belangrik uit ’n bedryfsoogpunt, en die bestaande funksionaliteit op SUNStudent is nog nie voldoende om betyds vir die aanvang van die akademiese jaar 2023 in die US se behoeftes te voorsien nie.

## 14. Bestuur van infrastruktuurprojekte

Die tabel hieronder bied ’n opsomming van die infrastruktuurprojekte waaroor Fasiliteitsbestuur die afgelope jaar toesig gehou het:

| Projekbeskrywing | Getal projekte | Projekwaarde |
|---|---|---|

| | | |
|---|---|---|
| Projekte in die beplanningsfase | 87 | R655 856 212 |
| Projekte in aanbou | 24 | R1 735 346 040 |
| Projekte voltooi | 57 | R637 525 412 |

Vir besonderhede van spesifieke projekte, raadpleeg gerus die bylaag.

## 15. Inligtingstegnologie


Die Afdeling Informasietegnologie (IT) het ’n besige paar maande agter die rug met werk aan die US se digitale strategie en kubersekuriteitsverslag terwyl hulle ook steeds die SUNFin- en SUNStudent-projek ondersteun. Ná hulle kwartaallikse personeelvergadering in September is die Afdeling nou gereed om tot die volgende fases van die digitale strategie oor te gaan.

## 16. Maties Sport

Maties Sport het ’n suksesvolle jaar gehad. Ons het ná die pandemie met mening na mededingende sport teruggekeer en nie minder nie as ses goue medaljes van Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) verower. Ons studente-atlete was ook Pretoria toe om ons van 3 tot 8 Oktober in die Varsity-sportfees (krieket, hokkie en sewesrugby) te verteenwoordig. Boonop het Maties Sport die afgelope kwartaal voortgegaan om ontspannings- en sosiale-impak-aktiwiteite onder ons studente en die algemene gemeenskap te bevorder.

## 17. Innovus

Ses nuwe afwentelmaatskappye – Fluoro Biotech, Nonosene, BanziFeet, Cybarete, Scientia en TerraClim – is in 2022 vir insluiting by die US-maatskappyegroep goedgekeur. Een maatskappy is in die proses van goedkeuring (DuPack Packaging), ’n ander is in die pre-inkubasiefase (Plant Disease Clinic) en nóg een is aanstaande jaar aan die kom (SU Advantage (SUNKOM)). Die volgende figuur toon die afwenteltydlyn sedert 1998:



## SLOT

Die akademiese jaar 2022 het beslis sy eie lot uitdagings ingehou. Nogtans het ons danksy die toewyding, deursettingsvermoë en aanpasbaarheid van ons personeel en studente nie net die akademiese jaar suksesvol voltooi nie, maar ook die steierwerk gebou om in die jaar wat voorlê nog hoër te klim. Saam omskep ons struikelblokke in suksesse en beweeg ons al hoe verder vorentoe.



**Prof Wim de Villiers**
**Rektor en Visekanselier**

## MEDEWERKERS

*Die Rektor se Bestuursverslag is saamgestel deur die Uitvoerende Kommunikasie-ondersteuningspan, in samewerking met **prof Wim de Villiers**, Rektor en Visekanselier, sowel as **Mohamed Shaikh**, uitvoerende bestuurder in die Rektoraat. Redigeer- en vertaaldienste is gefasiliteer deur die **US Taalsentrum** en voorsien deur hulle medewerker **Hendrien Swanepoel**. Ons erken ook graag die volgende medewerkers, wat volgens **US-verantwoordelikheidsentrum** gelys word:*

**Bedryf en Finansies:** Finansies (Manie Lombard en span), Fasiliteitsbestuur (Nicolette van den Eijkel en span), Informasie-tegnologie (Denisha Jairam-Owthar en span), Maties Sport (Ilhaam Groenewald en span), en Innovus (Anita Nel en span).

**Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie:** Prof Sibusiso Moyo, Therina Theron, Ellen Tise, Maryke Hunter-Hüsselmann, Ilse de Lange, Aasima Gaffoor, Whitney Prins, Fadwha Patel, Dorothy Stevens, Alison Bucholz, Winston Beukes, Clarissa Graham, Nicola Barsdorf en Inge-Rae Scholtz

**Registrateur:** Dr Ronel Retief, Lazelle Bonthuys, Gerhard Lipp, Dr Celeste Nel, Bruce Banda, Ashmind Daniels, Farah Fredericks, Anne Havemann-Serfontein, Freek Truter, Karlien Breedt, Beire Kramer, Estie Geldenhuys, Wanda De Jager, Hameedah Parker, Penny van der Bank, Charmaine Wing, Che Bermosky, Felecia van Rooi, en Jonathan-Dale Blanckenberg

**Sosiale Impak, Transformasie en Personeel**: Ulrich Wolff, Ricky Brecht, Dr Marietjie Oelofsen, Natasha Coltman, Bongani Mgijima, Awethu Fatyela, Claire Kelly, Katlego Letlonkane, Shanté Neff, Zethu Mkhize, Jubelian Korkie, Chevaan Peters, Michelle Pietersen, Rene Hector Kannemeyer, Fredelene Nefdt, Ernestine Meyer-Adams, Candice Andries, Dr Leslie van Rooi, Dr Craig Thompson, Dr Lynne Julie, Dr Haidee Williams, Dr Jo-Anne Kirby, Ronita February, Anneke Van Heerden, Susan Crumpton, Dr Pierre Viviers, Joanne Williams and Prof Nico Koopman

**Strategie, Globale en Korporatiewe Sake:** Prof Hester Klopper, Dr Wayne Muller, Christelle Feyt, Tertia Kruger, Naudé van der Merwe, Amira Brown, Marguerite Cloete, Marick Hornsveld, Candes Keating, Michelle Swart, Martin Viljoen, dr Alec Basson, Magdel Pretorius, Leon Eygelaar, Jerall Toi, dr Barbara Pool, Lidia du Plessis, dr Nico Elema, prof Sarah Howie en Sarah van der Westhuizen